G-68
S.554

*EXTRAORDINARY* *BUITENGEWONE*

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 1047 — REGULASIEKOERANT No. 1047

*Registered at the Post Office as a Newspaper* — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

PRICE 10c PRYS
OVERSEAS 15c OORSEE
POST FREE — POSVRY

Vol. 41] PRETORIA, 1 NOVEMBER 1968 [No. 2208

## PROCLAMATIONS

No. R. 324, 1968

*by the State President of the Republic of South Africa*

TSWANA TERRITORIAL AUTHORITY AND REGIONAL AUTHORITIES.—SALARIES AND ALLOWANCES OF MEMBERS—AMENDMENT OF PROCLAMATION No. R. 192 OF 1968

Under and by virtue of the powers vested in me by section 17 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), read with section 25 of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), I hereby amend the regulations contained in the Schedule to Proclamation No. R. 192 of 1968 by the substitution of the figure "2" for the figure "1" where it appears in regulations 4 and 8.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria, this Twenty-fourth day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

M. C. BOTHA.

F56/6/6.

No. R. 325, 1968

CISKEIAN TERRITORIAL AUTHORITY AND REGIONAL AUTHORITIES.—SALARIES AND ALLOWANCES OF MEMBERS—AMENDMENT OF PROCLAMATION No. R. 191 OF 1968

Under and by virtue of the powers vested in me by section 17 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), read with section 25 of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), I hereby amend the regulations contained in the Schedule to Proclamation No. R. 191 of 1968 by the substitution of the figure "2" for the figure "1" where it appears in regulations 4 and 8.

## PROKLAMASIES

No. R. 324, 1968

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

TSWANAGEBIEDSOWERHEID EN -STREEKSOWERHEDE.—SALARISSE EN TOELAES VAN LEDE—WYSIGING VAN PROKLAMASIE No. R. 192 VAN 1968

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 17 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), gelees met artikel 25 van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), wysig ek hierby die regulasies vervat in die Bylae van Proklamasie No. R. 192 van 1968 deur die syfer "1" waar dit in regulasies 4 en 8 voorkom deur die syfer "2" te vervang.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vier-en-twintigste dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

M. C. BOTHA.

F56/6/6.

No. R. 325, 1968

CISKEISE GEBIEDSOWERHEID EN STREEKSOWERHEDE.—SALARISSE EN TOELAES VAN LEDE—WYSIGING VAN PROKLAMASIE No. R. 191 VAN 1968

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 17 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), gelees met artikel 25 van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), wysig ek hierby die regulasies vervat in die Bylae van Proklamasie No. R. 191 van 1968 deur die syfer "1" waar dit in regulasies 4 en 8 voorkom deur die syfer "2" te vervang.



UNIVERSITY OF

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Twenty-fourth day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
M. C. BOTHA.
F56/5/6.

---

No. R. 326, 1968

## CANNING APRICOT-PEACH SCHEME.—AMENDMENT

Whereas the Minister of Agriculture has, in terms of section 15 (3) read with section 9 (2) (*c*) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), accepted the proposed amendment, as set out in the Schedule hereto, to the Canning Apricot-Peach Scheme, published by Proclamation No. R. 224 of 1966, as amended, and has in terms of section 12 (1) (*b*) of the said Act, recommended the approval of the said proposed amendment;

Now, therefore, under the powers vested in me by the said section 15 (3), read with section 14 (1) (*a*) of the said Act, I do hereby declare that the said amendment shall come into operation on the date of publication hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Twenty-first day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
D. C. H. UYS.

## SCHEDULE

The Canning Apricot-Peach Scheme published by Proclamation No. R. 224 of 1966, as amended, is hereby further amended as follows: —

1. Section 1 is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the name "Canning Apricot-Peach Scheme" of the name "Canning Apricot and Peach Scheme".

2. Section 2 is hereby amended by the substitution for the definition of "board" of the following definition: —

"(i) 'board' means the Canning Apricot and Peach Board established by section 3; (v)".

3. Section 3 is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words before paragraph (*a*) of the following words: —

"This scheme shall be administered by the Canning Apricot and Peach Board which shall consist of eleven members to be appointed by the State President, of whom—".

4. Section 16 is hereby amended by—

(*a*) the substitution in subsection (1) for the words before paragraph (*a*) of the following words: —

"The board may, with the approval of the Minister and on such basis as the board may determine, impose a levy on apricots and/or peaches or on a particular class, grade or standard of quality thereof sold by a producer or canned for sale by the producer thereof, and such levy—"; and

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vier-en-twintigste dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.
M. C. BOTHA.
F56/5/6.

---

No. R. 326, 1968

## INMAAK-APPELKOOS-PERSKESKEMA.—WYSIGING

Nademaal die Minister van Landbou kragtens artikel 15 (3) gelees met artikel 9 (2) (*c*) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), die voorgestelde wysiging soos in die Bylae hiervan uiteengesit, van die Inmaak-Appelkoos-Perskeskema, afgekondig by Proklamasie No. R. 224 van 1966, soos gewysig, aangeneem het en kragtens artikel 12 (1) (*b*) van genoemde Wet, goedkeuring van genoemde voorgestelde wysiging aanbeveel het;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by voornoemde artikel 15 (3) gelees met artikel 14 (1) (*a*) van genoemde Wet hierby verklaar dat genoemde wysiging op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Een-en-twintigste dag van Oktober Eenduisend Negehonderd agt-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.
D. C. H. UYS.

## BYLAE

Die Inmaak-Appelkoos-Perskeskema afgekondig by Proklamasie No. R. 224 van 1966, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig: —

1. Artikel 1 word hierby gewysig deur in subartikel (1) die naam „Inmaak-Appelkoos-Perskeskema" deur die naam „Skema vir Inmaakappelkose en -perskes" te vervang.

2. Artikel 2 word hierby gewysig deur die omskrywing van „raad" deur die volgende omskrywing te vervang: —

„(v) ‚raad', die by artikel 3 ingestelde Raad vir Inmaakappelkose en -perskes; (i)".

3. Artikel 3 word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde voor paragraaf (*a*) deur die volgende woorde te vervang: —

„Hierdie skema word toegepas deur die Raad vir Inmaakappelkose en -perskes wat uit elf lede bestaan en deur die Staatspresident aangestel word, van wie—".

4. Artikel 16 word hierby gewysig deur—

(*a*) in subartikel (1) die woorde voor paragraaf (*a*) deur die volgende woorde te vervang: —

„Die raad kan met die goedkeuring van die Minister en op so 'n basis as wat die raad mag bepaal, 'n heffing lê op appelkose en/of perskes of op 'n bepaalde klas, graad of kwaliteitstandaard daarvan wat deur 'n produsent verkoop word of deur die produsent daarvan vir verkoop ingemaak word, en sodanige heffing—"; en

(*b*) the substitution in subsection (1) (*b*) for the words "kind, variety" wherever it occurs of the word "class".

5. The following section is hereby substituted for section 17: —

"17. The board may, with the approval of the Minister and on such basis as the board may determine, impose a special levy on apricots and/or peaches or on a particular class, grade or standard of quality thereof sold by a producer or canned for sale by the producer thereof, and for the purposes of such special levy the provisions of section 16 (1) (*a*) and (*b*) and (2) shall *mutatis mutandis* apply".

---

No. R 327, 1968.

## REGULATIONS FOR THE CONTROL OF CAMPERS AT THE HOT SPRINGS, TUGELA LOCATION, KRANSKOP DISTRICT, NATAL

Under and by virtue of the powers vested in me by section 25 (1) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), read with section 21 (1) of the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), I hereby declare that the regulations contained in the Schedule to this Proclamation shall, from the date of publication hereof, take effect and have the force of law.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Bloemfontein on this twenty-sixth day of September, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
M. C. BOTHA.

### SCHEDULE

1. Notwithstanding anything in any other law contained, no person other than a Bantu shall encamp within 440 yards of the Hot Springs in the Tugela Location, District of Kranskop, without having first obtained from the Bantu Affairs Commissioner of the said District a permit authorising him to do so. Any person contravening this section shall be guilty of an offence.

2. Any permit issued under the provisions of section 1 shall—

(*a*) set forth such conditions as the Bantu Affairs Commissioner may deem necessary, and which he is hereby empowered to impose, subject to which such permit is issued;

(*b*) be valid for the period mentioned therein, which period shall not exceed one month;

(*c*) be subject to cancellation at any time in the discretion of the Bantu Affairs Commissioner.

3. Any person, whose permit has expired or been cancelled, who fails to leave the Hot Springs immediately after such expiration or cancellation, as the case may be, or who, after having left, returns thereto without a permit as aforementioned, shall be guilty of an offence.

4. Any person convicted of a contravention of these regulations shall be liable to a fine not exceeding R50 or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding 50 days. Should the offence be a continuous one an additional fine of two rand per day for every day during which such offence continues may be imposed.

5. Proclamation No. 103 of 1940 is hereby repealed.

(*b*) in subartikel (1) (*b*) die woorde „soort, variëteit" waar dit ookal voorkom deur die woord „klas" te vervang.

5. Artikel 17 word hierby deur die volgende artikel vervang: —

„17. Die raad kan met die goedkeuring van die Minister en op so 'n basis as wat die raad mag bepaal, 'n spesiale heffing lê op appelkose en/of perskes of op 'n bepaalde klas, graad of kwaliteitstandaard daarvan wat deur 'n produsent verkoop word of deur die produsent daarvan vir verkoop ingemaak word, en vir die doeleindes van sodanige spesiale heffing is die bepalings van artikel 16 (1) (*a*) en (*b*) en (2) *mutatis mutandis* van toepassing.".

---

No. R. 327, 1968.

## REGULASIES INSAKE DIE BEHEER OOR KAMPEERDERS BY DIE WARMWATERBRONNE, TUGELALOKASIE, DISTRIK KRANSKOP, NATAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 25 (1) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), gelees met artikel 21 (1) van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936) verklaar ek hierby dat die regulasies vervat in die Bylae van hierdie Proklamasie van die datum van afkondiging hiervan van krag en regsgeldig is.

Gegee onder my Hand en die seël van die Republiek van Suid-Afrika te Bloemfontein, op hede die ses-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op Las van die Staatspresident-in-rade.
M. C. BOTHA.

### BYLAE

1. Ondanks enigiets in enige ander wet vervat, mag niemand behalwe 'n Bantoe binne 440 tree van die Warmwaterbronne in die Tugelalokasie, distrik Kranskop, uitkarp nie tensy 'n permit wat hom daartoe geregtig voor-af van die Bantoesakekommissaris van gemelde distrik verkry is. Enigeen wat hierdie artikel oortree is skuldig aan 'n misdryf.

2. Enige permit ingevolge die bepalings van artikel 1 uitgereik—

(*a*) moet sodanige voorwaardes, waaraan die uitreiking van die permit onderworpe is, bevat as wat die Bantoesakekommissaris goed ag en hy hierby gemagtig word om te stel;

(*b*) is regsgeldig vir die tydperk daarin genoem, wat hoogstens een maand moet wees;

(*c*) kan na goeddunke van die Bantoesakekommissaris te eniger tyd ingetrek word.

3. Enigeen wie se permit verval het of ingetrek is en wat versuim om die Warmwaterbronne onmiddellik na sodanige vervaltyd of intrekking, na gelang van die geval, te verlaat, of wat nadat hy dit verlaat het sonder 'n permit soos voorheen vermeld, daarheen terugkeer, is skuldig aan 'n misdryf.

4. Enigeen wat aan 'n oortreding van hierdie regulasies skuldig bevind word is strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 50 dae. Indien die oortreding oor 'n aaneenlopende tydperk strek kan bowendien 'n boete van twee rand per dag vir elke dag wat sodanige oortreding voortduur, opgelê word.

5. Proklamasie No. 103 van 1940 word hierby herroep.

# GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 2009 1 November 1968

### DECIDUOUS FRUIT SCHEME

### REGISTERED DISTRIBUTORS' BUYING PRICES FOR DECIDUOUS FRUIT.—AMENDMENT

In terms of section 79 (1) (*b*) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister of Agriculture, hereby make known that the Deciduous Fruit Board, referred to in section 3 of the Deciduous Fruit Scheme, published by Proclamation No. R. 288 of 1962, as amended, has in terms of section 25 of that Scheme, and with my approval, amended the minimum buying prices of deciduous fruit published by Government Notice No. R. 1718 of 27 October 1967, as set out in the Schedule hereof.

And, I do hereby further make known that this notice shall come into operation on the date of publication hereof.

D. C. H. UYS,
Minister of Agriculture.

### SCHEDULE

The Schedule to Government Notice No. R. 1718 of 27 October 1967, is hereby amended by the substitution for the "Table of Buying Prices" in clause I of the following Table:—

"TABLE OF BUYING PRICES

| Kind of fruit | Type of pack | Prices payable to producers per container |
|---|---|---|
| | | R |
| Peaches | Single-layer tray | 0.50 |
| Nectarines | Single-layer tray | 0.60 |
| Plums | Single-layer tray | 0.60 |
| | Double-layer tray | 0.80 |
| | 20-lb box | 0.75 |
| Prunes | Double-layer tray | 0.80 |
| | 12-lb tray | 0.70 |
| | Triple-layer tray | 1.00 |
| Pears | Single-layer tray | 0.47 |
| | Case | 1.90 |
| Grapes | 10-lb export quality, box | 1.20 |
| | 10-lb tray | 0.50 |
| | 10-lb box | 0.68 |
| | 18-lb box | 0.90" |

No. R. 2010 1 November 1968

### DECIDUOUS FRUIT SCHEME

### LEVY AND SPECIAL LEVY ON DECIDUOUS FRUIT

In terms of section 79 (1) (*a*) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister of Agriculture, hereby make known that the Deciduous Fruit Board, referred to in section 3 of the Deciduous Fruit Scheme, published by Proclamation No. R. 288 of 1962, as amended, has, in terms of sections 18 and 19 of the said Scheme and with my approval, imposed the levies and special levies on deciduous fruit as set out in the Schedule hereto.

# GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 2009 1 November 1968

### SAGTEVRUGTESKEMA

### GEREGISTREERDE DISTRIBUEERDERS SE KOOPPRYSE VIR SAGTEVRUGTE.—WYSIGING

Ingevolge artikel 79 (1) (*b*) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), maak ek, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Sagtevrugteraad, genoem in artikel 3 van die Sagtevrugteskema, afgekondig by Proklamasie No. R. 288 van 1962, soos gewysig, kragtens artikel 25 van daardie Skema en met my goedkeuring, die minimum kooppryse van sagtevrugte afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 1718 van 27 Oktober 1967, gewysig het soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

En voorts maak ek hierby bekend dat hierdie kennisgewing op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou.

### BYLAE

Die Bylae van Goewermentskennisgewing No. R. 1718 van 27 Oktober 1967, word hierby gewysig deur die „Tabel van Kooppryse" in klousule I deur die volgende Tabel te vervang:—

„TABEL VAN KOOPPRYSE

| Soort vrugte | Soort verpakking | Pryse aan produsente betaalbaar per houer |
|---|---|---|
| | | R |
| Perskes | Enkellaagkissie | 0.50 |
| Kaalperskes | Enkellaagkissie | 0.60 |
| Pruime | Enkellaagkissie | 0.60 |
| | Dubbellaagkissie | 0.80 |
| | 20-lb-kissie | 0.75 |
| Pruimedante | Dubbellaagkissie | 0.80 |
| | 12-lb-platkissie | 0.70 |
| | Drielaagkissie | 1.00 |
| Pere | Enkellaagkissie | 0.47 |
| | Kis | 1.90 |
| Druiwe | 10-lb-uitvoergehalte-kissie | 1.20 |
| | 10-lb-platkissie | 0.50 |
| | 10-lb-kissie | 0.68 |
| | 18-lb-kissie | 0.90" |

No. R. 2010 1 November 1968

### SAGTEVRUGTESKEMA

### HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP SAGTEVRUGTE

Kragtens artikel 79 (1) (*a*) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), maak ek, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Sagtevrugteraad, genoem in artikel 3 van die Sagtevrugteskema, afgekondig by Proklamasie No. R. 288 van 1962, soos gewysig, kragtens artikels 18 en 19 van genoemde Skema en met my goedkeuring, die heffings en spesiale heffings op sagtevrugte opgelê het, soos uiteengesit in die Bylae hiervan.

I hereby further make known that the said levies and special levies shall come into operation on the date of publication hereof.

Government Notice No. R. 1726 of 27 October 1967 is hereby repealed.

D. C. H. UYS,
Minister of Agriculture.

## SCHEDULE

1. In this Schedule, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Deciduous Fruit Scheme, published by Proclamation No. R. 288 of 1962, as amended, has the same meaning, and any word or expression to which a meaning has been assigned in the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), but to which a meaning has not been assigned in the said Scheme, has the meaning assigned to it in the said Act and "calendar month" means the period extending from the first up to and including the last day of any month of the 12 months of the year.

2. A levy and a special levy are hereby imposed—

(*a*) at the rates shown in table 1 hereof on deciduous fruit intended to be exported for sale and sold through the board;

(*b*) at the rates shown in table 2 hereof on deciduous fruit intended to be sold in the Republic and sold through the board; and

(*c*) at the rates shown in table 3 hereof on deciduous fruit not sold through the board and sold under a permit issued in terms of section 17 (*p*) of the said Scheme or sold in pursuance of registration in terms of section 24 of the said Scheme or processed (excluding drying) in the course of trade by the producer thereof.

TABLE 1

| Kind of fruit | Type of pack | Levy per container in cents | Special levy per container in cents |
|---|---|---|---|
| Apricots | Double-layer tray | 3·9 | 0·3 |
| Peaches and nectarines | Single-layer tray | 3·9 | 0·5 |
| Plums | Single-layer tray | 3.9 | 0·4 |
| Plums and prunes | Double- and triple-layer tray | 3·9 | 0·5 |
| Pears | Single-layer tray | 3·9 | 0·8 |
| Pears | Case | 3·9 | 2·2 |
| Grapes | Box | 3·9 | 1·2 |
| Apples | Carton | 3·9 | 2·6 |

TABLE 2

| Kind of fruit | Type of pack | Levy per container in cents | Special levy per container in cents |
|---|---|---|---|
| Peaches and nectarines | Single-layer tray | 7·9 | 0·3 |
| Plums | Single-layer tray | 7·9 | 0·3 |
| Plums and prunes | Double- and triple-layer | 7·9 | 0·3 |
| Plums | Box | 7·9 | 0·3 |
| Pears | Single-layer tray | 7·9 | 0·3 |
| Pears | Case | 7·9 | 0·3 |
| Pears* | Lug | 7·9 | 0·1 |
| Grapes | 10-lb | 7·9 | 0·3 |
| Grapes | 18-lb | 7·9 | 0·3 |
| Grapes | Reject-export box | 7·9 | 0·3 |

* Provided that a Bulk Bin filled with pears shall be deemed to represent 24 lugs of pears.

En voorts maak ek hierby bekend dat genoemde heffings en spesiale heffings op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

Goewermentskennisgewing No. R. 1726 van 27 Oktober 1967 word hierby herroep.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou.

## BYLAE

1. In hierdie Bylae het enige woord of uitdrukking waaraan in die Sagtevrugteskema, afgekondig by Proklamasie No. R. 288 van 1962, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, dieselfde betekenis en het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), 'n betekenis geheg is, maar waaraan geen betekenis in genoemde Skema geheg is nie, die betekenis in genoemde Wet daaraan geheg en beteken „kalendermaand" die tydperk wat strek vanaf die eerste tot en met die laaste dag van enigeen van die 12 maande van die jaar.

2. 'n Heffing en spesiale heffing word hierby opgelê—

(*a*) teen die tariewe uiteengesit in tabel 1 hiervan op sagtevrugte bestem vir uitvoer en deur die raad verkoop;

(*b*) teen die tariewe uiteengesit in tabel 2 hiervan, op sagtevrugte bestem vir verkoop in die Republiek en deur die raad verkoop; en

(*c*) teen die tariewe uiteengesit in tabel 3 hiervan, op sagtevrugte nie deur die raad verkoop nie en verkoop kragtens 'n permit uitgereik ingevolge artikel 17 (*p*) van genoemde Skema of uit hoofde van 'n registrasie ingevolge artikel 24 van die genoemde Skema of deur die produsent daarvan verwerk in die loop van die handel (uitgesonderd die droging daarvan).

TABEL 1

| Soort vrugte | Soort verpakking | Heffing per houer in sent | Spesiale heffing per houer in sent |
|---|---|---|---|
| Appelkose | Dubbellaagkissie | 3·9 | 0·3 |
| Perskes en kaalperskes | Enkellaagkissie | 3·9 | 0·5 |
| Pruime | Enkellaagkissie | 3·9 | 0·4 |
| Pruime en pruimedante | Dubbel- en drielaagkissie | 3·9 | 0·5 |
| Pere | Enkellaagkissie | 3·9 | 0·8 |
| Pere | Kis | 3·9 | 2·2 |
| Druiwe | Kissie | 3·9 | 1·2 |
| Appels | Karton | 3·9 | 2·6 |

TABEL 2

| Soort vrugte | Soort verpakking | Heffing per houer in sent | Spesiale heffing per houer in sent |
|---|---|---|---|
| Perskes en kaalperskes | Enkellaagkissie | 7·9 | 0·3 |
| Pruime | Enkellaagkissie | 7·9 | 0·3 |
| Pruime en pruimedante | Dubbel- en drielaagkissie | 7·9 | 0·3 |
| Pruime | Kissie | 7·9 | 0·3 |
| Pere | Enkellaagkissie | 7·9 | 0·3 |
| Pere | Kis | 7·9 | 0·3 |
| Pere* | Plukkis | 7·9 | 0·1 |
| Druiwe | 10-lb | 7·9 | 0·3 |
| Druiwe | 18-lb | 7·9 | 0·3 |
| Druiwe | Uitvoer-afgekeurde kissie | 7·9 | 0·3 |

* Met dien verstande dat 'n Grootmaatkrat gevul met pere geag word om 24 plukkiste pere te wees.

TABLE 3

| Kind of fruit | Type of pack | Levy per container in cents | Special levy per container in cents |
|---|---|---|---|
| Apricots | Single-layer tray | 2·0 | — |
| Apricots | Double-layer tray | 2·0 | — |
| Peaches and nectarines | Single-layer tray | 2·0 | — |
| Plums | Single-layer tray | 2·0 | — |
| Plums and prunes | Double- and triple-layer | 2·0 | — |
| Plums | Box | 2·0 | — |
| Pears | Single-layer tray | 2·0 | — |
| Pears | Case | 2·0 | — |
| Pears* | Lug | 2·0 | — |
| Grapes | 10-lb | 2·3 | — |
| Grapes | 18-lb | 2·3 | — |
| Apples | Carton | 2·0 | — |

* Provided that a ton of 2,000 lb of pears shall be deemed to represent 50 lugs of pears respectively.

No. R. 2016 1 November 1968

## TOBACCO CONTROL SCHEME

## PROHIBITION ON THE SALE OF TOBACCO.—AMENDMENT

In terms of section 79 (1) (*b*) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister of Agriculture, hereby make known that the Tobacco Industry Control Board, referred to in section 3 of the Tobacco Control Scheme, published by Proclamation No. R. 19 of 1961, as amended, has in terms of section 18 (*p*) of the said Scheme and with my approval, amended the prohibitions published by Government Notice No. R. 561 of 5 April 1968, as set out in the Schedule hereto.

And I hereby further make known that the said amendment shall come into operation on the date of publication hereof.

D. C. H. UYS,
Minister of Agriculture.

### SCHEDULE

The Schedule to Government Notice No. R. 561 of 5 April 1968, is hereby amended—

(i) by the substitution in Annexure A for the prices of the following grades of the following prices: —

| | |
|---|---|
| OR/SL1 | 29·00c per lb |
| OR/SLS1 | 19·00c per lb |

(ii) by the substitution in Annexure B for the prices of the following grades of the following prices: —

| | |
|---|---|
| A4S | 38·75c per lb |
| SL1 | 22·00c per lb |
| SLS1 | 15·00c per lb |

(iii) by the deletion in Annexure B of the grade A2S and the price 40·25 and by the insertion after the grade SD of the following grade and price: —

| | |
|---|---|
| SDS1 | 16·00c per lb |

(iv) by the substitution in Annexure B for the prices of the following grades of the following prices: —

| | |
|---|---|
| B/1 | 41·25c per lb |
| B/1S | 34·50c per lb |
| B/2 | 38·00c per lb |
| B/3 | 23·00c per lb |
| B/SLS1 | 15·00c per lb |

TABEL 3

| Soort vrugte | Soort verpakking | Heffing per houer in sent | Spesiale heffing per houer in sent |
|---|---|---|---|
| Appelkose | Enkellaagkissie | 2·0 | — |
| Appelkose | Dubbellaagkissie | 2·0 | — |
| Perskes en kaalperskes | Enkellaagkissie | 2·0 | — |
| Pruime | Enkellaagkissie | 2·0 | — |
| Pruime en pruimedante | Dubbel- en drielaagkissie | 2·0 | — |
| Pruime | Kissie | 2·0 | — |
| Pere | Enkellaagkissie | 2·0 | — |
| Pere | Kis | 2·0 | — |
| Pere* | Plukkis | 2·0 | — |
| Druiwe | 10-lb | 2·3 | — |
| Druiwe | 18-lb | 2·3 | — |
| Appels | Karton | 2·0 | — |

* Met dien verstande dat 'n ton van 2,000 lb pere geag word om 50 plukkiste pere onderskeidelik, te wees.

No. R. 2016 1 November 1968

## TABAKREËLINGSKEMA

## VERBOD OP DIE VERKOOP VAN TABAK.—WYSIGING

Kragtens artikel 79 (1) (*b*) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), maak ek, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid, vermeld in artikel 3 van die Tabakreëlingskema, afgekondig by Proklamasie No. R. 19 van 1961, soos gewysig, kragtens artikel 18 (*p*) van genoemde Skema en met my goedkeuring, die verbodsbepalings afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 561 van 5 April 1968, gewysig het soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

En verder maak ek hierby bekend dat die genoemde wysiging op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou.

### BYLAE

Die Bylae van Goewermentskennisgewing No. R. 561 van 5 April 1968, word hierby gewysig deur—

(i) in Aanhangsel A die pryse van die volgende grade deur die volgende pryse te vervang: —

| | |
|---|---|
| OR/SL1 | 29·00c per lb |
| OR/SLS1 | 19·00c per lb |

(ii) in Aanhangsel B die pryse van die volgende grade deur die volgende pryse te vervang: —

| | |
|---|---|
| A4S | 38·75c per lb |
| SL1 | 22·00c per lb |
| SLS1 | 15·00c per lb |

(iii) in Aanhangsel B die graad A2S en die prys 40·25 te skrap en na die graad SD die volgende graad en prys in te voeg: —

| | |
|---|---|
| SDS1 | 16·00c per lb |

(iv) in Aanhangsel B die pryse van die volgende grade deur die volgende pryse te vervang: —

| | |
|---|---|
| B/1 | 41·25c per lb |
| B/1S | 34·50c per lb |
| B/2 | 38·00c per lb |
| B/3 | 23·00c per lb |
| B/SLS1 | 15·00c per lb |

(v) by the substitution in Annexure B for paragraph (3) of the following paragraph: —

"(3) Fire-cured Tobacco

| *Grade* | *All areas (price at cents per lb)* |
|---|---|
| F/DS1 | 29·25 |
| F/DS2 | 28·00 |
| F/DS3 | 25·00 |
| F/D | 22·00 |
| F/E | 21·00 |
| F/F | 19·50 |
| F/G | 19·50 |
| F/H | 19·50 |
| F/SD | 19·50 |
| F/SDS | 14·00 |
| Average F/D-F/SD | 20·50 |

The above selling prices are at agents' warehouses for net cash, 30 days from date of invoice.".

No. R. 2017 1 November 1968

REGULATIONS RELATING TO THE GRADING, PACKING AND MARKING OF TOBACCO.—AMENDMENT

The State President has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), amended the regulations relating to the grading, packing and marking of tobacco, published by Government Notice No. R. 560 of the 5th April 1968, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

The regulations published by Government Notice No. R. 560 of 5 April 1968, are hereby amended by—

(1) the substitution in the Annexure for the grades and grade descriptions of A2S and A4S of the following grade and grade description: —

"A4S... Good to fair quality leaf in lemon to orange, light mahogany and mahogany colour; short lengths; slightly blemished.";

(2) the insertion in the Annexure after the grade and grade description of SDS of the following grade and grade description: —

"SDS1... Small scrap tobacco leaves with qualities and colours corresponding with the series of grades from DS1 up to and including H, free of objectionable stem, sifted clean over a sieve of a quarter inch square mesh, reconditioned and packed in bales.".

No. R. 2018 1 November 1968

REGULATIONS RELATING TO THE GRADES AND THE MANNER OF GRADING OF SUNFLOWER SEED.—AMENDMENT

The State President has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), further amended the regulations relating to the grades and manner of grading of sunflower seed, published by Government Notice No. R. 2154 of the 31st December 1964, as amended, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

The regulations published by Government Notice No. R. 2154 of the 31st December 1964, as amended, are hereby further amended by the substitution for the Table for

(v) in Aanhangsel B paragraaf (3) deur die volgende paragraaf te vervang: —

"(3) Vuurgedroogde tabak

| *Graad* | *Alle gebiede (prys teen sent per lb)* |
|---|---|
| F/DS1 | 29·25 |
| F/DS2 | 28·00 |
| F/DS3 | 25·00 |
| F/D | 22·00 |
| F/E | 21·00 |
| F/F | 19·50 |
| F/G | 19·50 |
| F/H | 19·50 |
| F/SD | 19·50 |
| F/SDS | 14·00 |
| Gemiddelde F/D-F/SD | 20·50 |

Bostaande verkoopprys by die pakhuise van die agente is teen kontant, 30 dae na datum van faktuur.".

No. R. 2017 1 November 1968

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING, VERPAKKING EN MERK VAN TABAK.—WYSIGING

Die Staatspresident het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), die regulasies met betrekking tot die gradering, verpakking en merk van tabak, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 560 van 5 April 1968, gewysig soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

BYLAE

Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 560 van 5 April 1968 word hierby gewysig deur—

(1) in die Aanhangsel die grade en graadbeskrywings van A2S en A4S deur die volgende graad en graadbeskrywing te vervang: —

„A4S... Goeie tot middelmatige kwaliteit suurlemoen- tot oranje-, ligte mahonie- en mahoniekleurige blad; kort lengtes; effens gevlek.";

(2) in die Aanhangsel na die graad en graadbeskrywing van SDS die volgende graad en graadbeskrywing in te voeg: —

„SDS1... Klein brokkeltabakblare met kwaliteite en kleure in ooreenstemming met die reeks van grade DS1 tot en met H, sonder ontoelaatbare rugstukke, skoon gesif oor 'n sif met mase van 'n kwart duim vierkant, geherkondisioneer en verpak in bale.".

No. R. 2018 1 November 1968

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADE EN MANIER VAN GRADERING VAN SONNEBLOMSAAD.—WYSIGING

Die Staatspresident het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), die regulasies met betrekking tot die grade en manier van gradering van sonneblomsaad, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 2154 van 31 Desember 1964, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

BYLAE

Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 2154 van 31 Desember 1964, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tabel vir die gradering van

the grading of Class FH sunflower seed of the following Table:—

"Class FH sunflower seed shall be graded as follows:—

| Grade No. | Minimum weight in lb required per Imperial Bushel | Maximum percentage by weight allowed of— | | |
|---|---|---|---|---|
| | | Damaged sunflower seed | Decorticated sunflower seed | Foreign matter |
| FH1..... | 26 | 5 | 5 | 2 |
| FH2..... | 19 | 10 | 10 | 4" |

No. R. 2019 1 November 1968

## SOUTH AFRICAN CITRUS SCHEME

## SUSPENSION OF THE PROHIBITION ON THE SALE OF ORANGES (OTHER THAN NAVEL ORANGES) IN THE REPUBLIC

In terms of section 79 (1) (*b*) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister of Agriculture, hereby make known that the Citrus Board, referred to in section 3 of the South African Citrus Scheme, published by Proclamation No. R. 121 of 1964, as amended, has with my approval, repealed the prohibition on the sale of oranges (other than navel oranges) in the Republic, imposed in terms of section 16 (1) (*o*) read with section 21 of the said Scheme, and published by Government Notice No. R. 545 of 5 April 1968, with effect from 4 November 1968.

D. C. H. UYS,
Minister of Agriculture.

*Explanatory note.*—The effect of this notice is that until further notice, producers of oranges (other than navel oranges) will be free on and after the 4th November 1968, to sell such oranges as, when and where they please.

## DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 1998 1 November 1968

## THE SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD

## RULES REGARDING REGISTRATION OF ADDITIONAL QUALIFICATIONS

The Minister of Health has, in terms of section 94 (4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), approved the further amendment of the rules regarding the registration of additional qualifications made by the South African Pharmacy Board under section 94 (2) of the Act and published under Government Notice No. R. 670, dated 10 May 1963, as amended by Government Notices No. R. 923, dated 26 June 1964, No. R. 463, dated 2 April 1965, No. R. 1093, dated 21 July 1967, No. R. 448, dated 22 March 1968 and No. R. 1422, dated 16 August 1968, as follows: —

By the addition to subparagraph (2) of the following qualification:—

| *Title* | *Abbreviation* |
|---|---|
| Doctor of Philosophy of Rhodes University (if the degree is awarded in the field of pharmacy). | Ph.D. Rhodes. |

sonneblomsaad van klas FH deur die volgende Tabel te vervang:—

„Sonneblomsaad van klas FH moet soos volg gegradeer word:—

| Graad No. | Minimum gewig in lb. vereis per Imperiale skepelmaat | Maksimum persentasie per gewig toegelaat van— | | |
|---|---|---|---|---|
| | | Beskadigde sonneblom-saad | Gedopte sonneblom-saad | Vreemde voorwerpe |
| FH1..... | 26 | 5 | 5 | 2 |
| FH2..... | 19 | 10 | 10 | 4" |

No. R. 2019 1 November 1968

## SUID-AFRIKAANSE SITRUSSKEMA

## OPHEFFING VAN DIE VERBOD OP DIE VERKOOP VAN LEMOENE (ANDERS AS NAWEL-LEMOENE) IN DIE REPUBLIEK

Kragtens artikel 79 (1) (*b*) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), verklaar ek, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister van Landbou, hierby dat die Sitrusraad, genoem in artikel 3 van die Suid-Afrikaanse Sitrusskema, afgekondig by Proklamasie No. R. 121 van 1964, soos gewysig, met my goedkeuring die verbod op die verkoop van lemoene (anders as nawellemoene) in die Republiek, opgelê kragtens artikel 16 (1) (*o*) gelees met artikel 21 van die genoemde Skema, en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 545 van 5 April 1968, opgehef het met ingang van 4 November 1968.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou.

*Ter verduideliking.*—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat, vanaf 4 November 1968 tot verdere kennisgewing dit produsente van lemoene (anders as nawellemoene) sal vrystaan om sodanige lemoene soos, wanneer en waar hulle goeddink, te verkoop.

## DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 1998 1 November 1968

## DIE SUID-AFRIKAANSE APTEKERSKOMMISSIE

## REËLS BETREFFENDE REGISTRASIE VAN ADDISIONELE KWALIFIKASIES

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 94 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan die verdere wysiging van die reëls betreffende die registrasie van addisionele kwalifikasies, wat deur die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie kragtens artikel 94 (2) van die Wet opgestel is en wat by Goewermentskennisgewing No. R. 670 van 10 Mei 1963 afgekondig is, soos gewysig by Goewermentskennisgewings No. R. 923 van 26 Junie 1964, No. R. 463 van 2 April 1965, No. R. 1093 van 21 Julie 1967, No. R. 448 van 22 Maart 1968 en No. R. 1422 van 16 Augustus 1968, soos volg:—

Deur die byvoeging van die volgende kwalifikasie by subparagraaf (2):—

| *Titel* | *Afkorting* |
|---|---|
